# Gebed - 1 Mei 2022

**Vanadag wil ek met jou gesels oor gebed**

**Gebed is die kragtigste sleutel in die Koninkryk van God**

**(a)Gebed is die aktiwiteit waarmee die kerk die meeste sukkel**

**2 Redes hoekom mense nie bid nie. (A) weet nie hoe nie (b) Kry nie resultate nie.**

Voor ons vandag praat oor hoe ek en jy moet bid is daar ‘n Paar goed wat ons moet weet oor gebed.

(1) Alle godsdienste bid. (Muslim , Buddis, Hindu, Satanis) want daar is in elke mens ‘n ingebore behoefte om met die bo – natuurlike te kan kommunikeer.

Wanneer hulle nuwe “Tribes of stamme ontdek in Afrika of die amasone, sonder geen invloed van die wêreld. Dan is daar aanbidding van een of ander vorm wat gebeur.

## 1. Gebed is die fondasie van ‘n kragtige lewe.

**Jesus het vir ons kom demonstreer hoe ‘n kragtige gebedslewe lyk**

**Mattheus 1:35 – Jesus het vroe oggende gebid,**
**Luk 6 Sien ons dat Jesus reg deur die nag bid.**

**Dissipels sien iets raak. . . Hulle vra Jesus LEER ons bid!**

**Matheus 6: 9 – 13 (NLV)**
**Ons Vader in die hemel,**
**laat u Naam geheilig word.**
**10Laat u koninkryk kom.**
**Laat u wil hier op aarde**
**uitgevoer word soos in die hemel.**
**11Gee ons die porsie brood**
**wat ons vir vandag nodig het.**
**12En vergeef ons ons sondeskuld**
**soos ons ook óns skuldenaars**
**vergewe het.**
**13Bewaar ons sodat ons**
**nie aan verleiding sal toegee nie;**
**maar bevry ons van die greep**
**van die Bose.**

MATTEUS 21: 22
21Jesus het hulle geantwoord: “Ek verseker julle dat as julle glo en nie twyfel nie, julle nie net dieselfde sal kan doen nie, maar baie meer. Julle sal selfs vir hierdie berg kan sê: ‘God sal jou oplig en in die see gooi,’ en dit sal so gebeur. 22Alles wat julle in die gebed van God vra, sal julle ontvang, mits julle glo.”

JOHANNES 14:12 - 14
12“Ek verseker julle, wie aanhou glo in My, sal ook die werke doen wat Ek doen; hy sal selfs nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe op pad is. 13Wat julle ook al sou vra in my Naam, dit sal Ek doen sodat die Vader deur die optrede van die Seun verheerlik word. 14As julle My enigiets in my Naam vra, sal Ek dit beslis doen.”

JOHANNES 15
16Dit is nie julle wat My uitgekies het nie, maar Ek wat julle uitgekies het om julle in staat te stel om te gaan vrugte dra, vrugte wat sal hou. Só sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.

**JOHANNES 16:24**
**24Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Hou aan bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volledig kan wees.**

## 2. Gebed uit die regte posisie

**Johannes 15: 15 – 17 (NLV)**
15Ek noem julle nie meer slawe nie, want ’n slaaf weet nie wat sy eienaar doen nie. Julle noem ek lankal vriende, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het, aan julle verduidelik het. 16Dit is nie julle wat My uitgekies het nie, maar Ek wat julle uitgekies het om julle in staat te stel om te gaan vrugte dra, vrugte wat sal hou. Só sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. 17Ek gee aan julle dié opdrag: julle moet mekaar liefhê.”

MATTEUS 18:18 – 19 (NLV)
18Dít verseker Ek julle: Watter dinge julle ook al op aarde bind, sal in die hemel gebind wees. En watter dinge julle ook op die aarde losmaak, sal in die hemel losgemaak wees. 19“Boonop verseker Ek julle: As twee van julle hier op aarde saamstem oor enigiets wat julle van God wil vra, sal my hemelse Vader dit vir julle doen. 20Waar twee of drie bymekaar is, is Ek immers ook saam met hulle daar.”

Besef jy watse krag ons in Gebed het?

JAKOBUS 5:16-17 (AFR53)
Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

**Matheus 6:16 (NLV)**
**16“Wanneer julle vas, moenie soos die skynheiliges ’n martelaarshouding aanneem nie. Hulle loop met lang gesigte rond sodat die mense duidelik kan sien dat hulle vas. Ek verseker julle, dit is al beloning wat hulle ooit sal kry. 17Maar wanneer jy vas, versorg jou hare, was jou gesig. 18Dan sal niemand agterkom dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat alle geheime ken. En jou Vader wat alle geheime ken, sal jou beloon.”**

## 3. Gebed oorwin bekommernis

FILIPPENSE 4:6

6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Ons wil skiet gebedjies doen.
Ware transformasie gebeur wanneer ons goed DEUR bid.
Hoe lank sal jy bid vir jou huwelik , kinders , besigheid , skool , gesondheid, deurbraak?

Jakob het met God geveg reg deur die nag...